Jeep Club RSA

NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE JEEPKLUB RSA TE POMC (PRETOTIA OLD MOTOR CLUB) OP WOENSDAG 30 NOVEMBER 2005 OM 18:30.

1. VERWELKOMING / VOORSITTER

1.1 Giel verwelkom almal by die vergadering en deel die vergadering mee dat slegs opbetaalde lede stemgeregtig is.
1.2 Giel versoek dat die lede by Koos Meyer moet seker maak dat hul inligting in die databasis korrek is.
1.3 Giel noem dat die verrigtinge op band vasgelê word en verneem of daar enige besware is – geen.
1.4 Giel versoek dat elke lid sy/haar naam noem waneer hy/sy 'n spreekbeurt kry.
1.5 Giel vra of daar enige besware is as die vergadering hoofsaaklik in Afrikaans gevoer word – geen.

2. PRESENSIELYS EN VERSKONINGS:

2.1 Die presensielys is gesirkuleer en aangeheg.

2.2 Verskonings:

2.2.1 Andre Nienaber
2.2.2 Koos Boonzaaier
2.2.3 Herman Engelbrecht
2.2.4 Nico Fourie
2.2.5 Mickey Harris
2.2.6 Kaap Lid
2.2.7 Nico Fourie
2.2.8 Willie Bester

3. KONSTITUEERING:

3.1 Die Bestuurskomitee is almal teenwoordig.
3.2 23 (Drie-en-twintig) van die 50 (vyftig) opbetaalde lede is teenwoordig.
3.3 Die Voorsitter verklaar dat 'n kworum teenwoordig is en die verrigtinge dus kan voortgaan.
3.4 Die Afrikaanse konstitusie is deur Rob en Hermie Wilson in Engels vertaal en sal op die webbladsy geplaas word vir kommentaar op die 2006 Algemene Jaarvergadering – dankie vir hul moeite.

.

4. AANVULLENDE SAKE :

4.1 AFFILIASIE VAN 4X4 CHALLENGE MARSHALLS ASSOSIATION BY JCRSA.

4.1.1 Giel deel die vergadering mee dat die 4x4 Challenge Marshalls versoek het om as afsonderlike klub by JCRSA te affilieer. Die rede is dat die marshals nie 'n klub kan registreer by MSA nie aangesien hulle te min lede het. MSA vereis 'n minimum van 40 lede alvorens 'n klub kan registreer en 'n lisensie kan bekom vir verkryging van marshall lisensies.
4.1.2 JCRSA sal die marshalls as 'n aparte klub hanteer en aanvaar geen verantwoordelikheid vir die doen en late van die klub nie. Die lede sal as geaffileerde lede bekendstaan en is nie stemgeregtig nie.
4.1.3 Rob Wilson verneem van Giel of die marshalls onderhewig is aan die konstitusie van die JCRSA? Giel - Ja!!! Hulle het 'n konsep konstitusie voorgelê wat deur die Bestuurskomitee aangepas en goedgekeur sal word, geskoei op en onderhewig aan ons konstitusie. Die marshalls klub mag geen borgskap van enige motorvervaardiger aanvaar solank hulle geaffilieer is by JCRSA nie. Die konstitusie moet aangepas word om affiliasie te akkommodeer.
4.1.4 Giel vra vir 'n sekondant vir die voorstel. Die voorstel word gesekondeer en algemeen aanvaar.

4.1.5 Hermie Wilson stel voor dat ons die bewoording van die klousule rakende affiliasie bespreek wanneer die kunstitusie behandel word.

4.1.6 Johnny Wallis bedank die voorsitter vir die geleentheid gegun aan die 4x4 Marshalls om by die JCRSA te affilleer.

4.2 LOGO

4.2.1 Maruis Human noem aan die vergadering dat die logo soos op die webblad verskyn deur Pentamark, die reklame afdeling van die "Jeep Division DaimlerChrysler South Africa" (JDDCSA) ontwerp is.

4.2.2 Giel hou aan die vergadering verskeie voorbeelde van moontlike logo's en embleme voor en vra komentaar vanaf die vloer.

4.2.3 Gawie Deysel vra dat as daar lede is wat 'n voorstel het t.o.v kleur, hulle die voorstelle moet deurgee aan die komitee.

4.2.4 Koos Meyer noem dat die logo op die webblad geplaas kan word vir die lede om na te kyk en hulle terugvoer te gee.

4.2.5 Jaco Coetzee stel voor die logo moet twee jeeps op hê oud en nuut. Giel antwoord dat ons die "cartoon" Jeep sal behou maar ook die nuwe Jeeps moet akkommodeer.

4.2.6 Hermie vra of die RSA in JCRSA nie meer prominent moet wees nie. Koos Meyer verduidelik dat Jeep in die naam meer belangrik is en nie noodwendig die RSA nie.

4.2.7 Dudley Stevens noem dat die klub nog gaan groei en moontlik 'n nasionale klub kan word en dus is die RSA in die naam van pas.

4.2.8 Koos Meyer stel voor dat die embleem soos hy ontwerp is deur JDDCSA behoue bly en sy voorstel word gesekondeer deur Marius Human en deur die vergadering aanvaar.

5. VOORSITTER SE VERSLAG.

GVN bedank almal wat deur die jaar die JCRSA ondersteun en aan byeenkomste of andersins deelgeneem het, in besonder die komitee vir hul insette. Hy noem dat die Klub baie goed gedoen het en gee die volgende terugvoer.

5.1 **Jeep Division DaimlerChrysler SA (JDDCSA)** - Die voorsitter het onlangs met Guy Frankin van JDDCSA gepraat en terugvoer vanaf JDDCSA is baie positief. JDDCSA is beindruk met die manier waarop die klub dinge doen en sal moontlik 'n bydrae kan lewer tot die klub se uitgawes in die toekoms. GVN het aan JDDCA 'n brief gerig waarin ons moontlike uitgawes uiteengesit is. JDDCA is huidiglik nie nou betrokke met die JCRSA nie maar hou tog die doen en late van die klub dop en verwys van tyd tot tyd navrae na die JCRSA.

5.2 **Motorsport SA (MSA)** - Die aansluitingsbedrag en affiliasiefooi vir MSA is deur 'n anonieme lid namens die klub gemaak aangesien die klub nog nie oor voldoende fondse beskik het nie. Hermie Wilson versoek dat die persoon wat die betaling gedoen het vergoed moet word.

5.3 **Association of All Wheel Drive Clubs SA (AAWDCSA**) – Aansoek vir affiliasie (registrasie van lidmaatskap) is gedoen en ons wag vir kommentaar van die AAWDCSA.

5.4 **Webbladsy / Nuusbrief** - Giel bedank almal wat insette gelewer het deur die jaar en vra weer vir insette om die nuusbrief meer persoonlik en interressant vir almal te maak. Die nuusbrief is in elektroniese formaat en Giel vra dat lede dit verder moet versprei aangesien almal nog nie elektronies (internet) gekoppel is nie.

6. FINANSIËLE VERSLAG – KOOS MEYER.

6.1 Koos verduidelik dat met die stigting van die klub het verskeie Jeep liefhebbers 'n bedrag van R2 043.70 aan die klub geskenk aangesien die klub oor geen gelde beskik het nie - baie dankie dit word waardeer!.

6.2 Die finansieële verslag soos voorgelê en bespreek word aangeheg.

6.3 Bankkostes word nie weerspieël in die verslag nie. 'n Voorstel is dat die lede hulle gelde elektronies in die rekening inbetaal aangesien die kostes baie minder is as kontantinbetalings bv. ± R1.00 teenoor R4.00

6.4 Lede gemagtig om te teken vir onttrekkings uit die rekening is Koos Meyer, Giel van Niekerk en Toerien Champion. Twee van bogenoemde lede moet saam bank toe gaan om 'n ontrekking te maak.

6.5 Lede moes 'n registrasie fooi van R50.00 betaal waaruit lidmaatskap kaarte, ens. gefinansier kon word.

6.6 Giel stel voor dat gesien in die lig van die kostes om by MSA en ander organisasies te affilieer die registrasiefooi R150.00 moet wees met jaargelde van R300.00

6.7 Dudley Stevens noem dat die jaargelde van die FWDC R480.00 is vir 2006.

6.8 Gawie Deysel stel voor dat die registrasiegelde R100.00 moet wees en jaargelde R200.00. Die jaargelde moet so laag as moontlik gehou word met voorbehoud dat as daar maand byeenkomste aangebied word, die lede werklike uitgawes betaal met 'n verdere bydrae vir die klub.

6.9 Koos noem dat werklike kostes van die uitstappies (hekgelde, ens.) deurgegee sal word aan die lede voor die uitstappies en stel verder voor dat 'n deelnamefooi van R50.00 per voertuig vir die klub gehef word.

6.10 Koos noem ook dat die deelnamefooi afgeskaal kan word as die werklike uitgawes van ‘n uitstappie te hoog is.
6.11 Gawie Deysel stel voor dat daar ‘n minimum bedrag vir die deelnamefooi vasgemaak moet word aangesien daar met die uitsit van roetes kostes is en lede wat roetes uitsit geregtig is om werklike uitgawes te eis.
6.12 Koos Meyer stel voor R25.00 deelnamefooi + werklike uitgawes per voertuig (hekgelde, ens.)
6.13 Die vergadering besluit op R100.00 as registrasiegelde, R200.00 as jaargelde en ‘n minimum van R25.00 per voertuig as deelnamefooi per byeenkoms.
6.14 Koos stel voor dat die klub moet kyk na ‘n perseel vir ‘n klubhuis.

7. WYSIGING VAN KONSTUTISIE

7.1 Giel noem aan die lede dat daar ‘n vergadering gehou is deur die Bestuurskommittee op 19 November 2005 waarop verskeie voorstelle vir wysigings aan die konstutisie voogelê is en hy hou ook die wysigings aan die vergadering voor.
7.2 Sien aangehegde wysigings.
7.3 Veranderings aan en wysigings van die konstitusie soos deur die vergadering besluit sal so gou moontlik op die webblad geplaas word vir die lede se kennisname.
7.4 Die lede aanvaar die konstutisie soos dit huidiglik aangebied is maar sal voorgestelde wysigins rakende disiplinêre aksies aan die einde van 2006 weer bespreek en die finale konstitusie goedkeur na verdere wysigings aangebring is.

8. VERKIESING VAN NUWE BESTUURSKOMITEE

Rob Wilson tree op as verkiesingsbeampte.

8.1 Voorsitter

8.2 Giel van Niekerk word verkies as voorsitter – onbestrede.
8.3 Gawie Deysel word deur Rob Wilson voorgestel as Ondervoorsitter, die voorstel word aanvaar en goedgekeur.

8.4 Komiteelede

8.5 Nominasies vir verkiesing van komiteelede word voorgelees - sien aangehegde lys.
9. Giel stel voor dat die 11 (elf) genomineerde lede, Voorsitter ingesluit, almal op die komitee vir 2006 moet dien en die voorstel word deur die vergadering aanvaar en so goedgekeur.
10. Die name van die nuwe Bestuurskomitee lede word aangekondig en hulle word deur die Voorsitter gelukgewens.
11. Die nuwe Bestuurskomiteelede onderteken die sertifikaat van aanvaarding van pos in die Bestuurskomitee.

12. NUWE VOORSITTER SE BOODSKAP

Die belangrikste van alles is die beplanning vir 2006 – Jeepry!

12.1 Die sosiale familie byeenkomste wat ingestel is blyk ‘n wenner te wees en ons beplan dus om so voort te gaan – gee asseblief voorstelle.
12.2 Giel noem dat daar in die komende jaar moontlik drie naweek byeenkomste gereël kan word – so ‘n naweek is baiiiie lekker.
12.3 Koos stel voor dat daar in ander gebiede ook gery moet word en dat lede van ander gebiede betrokke moet raak by die beplanning van roetes in hulle gebiede.
12.4 Gawie stel voor dat daar gehou moet word by vertrek tye soos beplan deur die roete beplanners.
12.5 Gawie stel verder voor dat lede self moet help met die beplanning van die roetes in samewerking met die bestuurslede en nie die komitee los om alles te beplan nie.
12.6 Giel noem dat die klub moet kyk na die gebruik van radio’s 29mhz en die klublede kan dan ook hul lisensies verkry deur ORRA (Off-Road Radio Association).

13. AFSLUITING

13.1 Die voorsitter bedank almal vir hulle insette en teenwoordigheid.
13.2 Die vergadering verdaag om 22:30

GIEL VAN NIEKERK
Voorsitter Jeepklub RSA